MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 7 | 14 MEI 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

All that I am, or hope to be, I owe to my angel mother.
Abraham Lincoln

In die lig van die feit dat dit Sondag Moedersdag was, huldig ek graag al die moeders in ons midde. My ma sou toevallig vandag verjaar het, sou sy nog geleef het. Ek het wonderlike herinneringe aan my kinderdae, en was in die bevoorregte posisie om in matriek Engels by my ma, en Wiskunde by my pa te kry in die skool waar my pa hoof was. Terwyl ek op 'n persoonlike noot is; ek vier vanjaar 20 jaar in diens van Midstream College nadat ek op 1 Mei dié mylpaal bereik het. Dit is met groot dankbaarheid en genade van Bo dat ek op 20 opwindende jare kan terugkyk. Dankie aan die direkteure vir hulle vertroue en ondersteuning, asook kollegas, ouers en leerders wat hierdie ongelooflike reis moontlik gemaak het. Soli Deo Gloria! Ek hoop voorts dat julle almal vandag 'n geseënde Hemelvaartdag beleef.

Ons orkes en Melodia het Dinsdag aan die Kraal Kunstefees in ons saal deelgeneem. Dit was 'n riem onder die hart om eerstens die hoeveelheid leerders wat deelneem te beleef, en tweedens om die kwaliteit en entoesiasme te ervaar. Ek glo hulle gaan nog menige gehoor se harte bekoor. Verlede Saterdag het daar ook 40 van ons leerders aan die ATKV-Redenaarskompetisie deelgeneem en hulle skitterend van hulle taak gekwyt.

Op sportgebied is al die ligas nou voluit aan die gang en gaan dit eweneens voor die wind. Ons rugby (Bergsig) en meisieshokkie (Montana) is juis Saterdag tuis. Kom maak gerus 'n draai en ondersteun hulle. Te midde van die redenaars was daar die pas afgelope naweek ook hokkie, netbal, rugby, bergfiets, landloop, muurbal en skaak – Carpe Diem! Gryp hierdie geleenthede aan.

Graag nooi ek alle ouers uit na ons volgende Koffie-met-Carel geleentheid op Donderdagoggend 28 Mei om 07:30 in die College HUB. Tydens hierdie informele geleentheid kry ons kans om mekaar bietjie beter te leer ken, en ons kan enige bekommernisse, onsekerhede of wyshede met mekaar deel. RSVP met die volgende skakel: https://forms.gle/rnDzwEmzp6M4SG4B9 indien julle dit wil bywoon.

SKOOLREËLS – WINTERSDRAG

Leerders mag tot 29 Mei volledige somer- of wintersdrag dra. Vanaf 1 Junie skakel leerders oor na volledige wintersdrag. Die volledige skoolsweetpak mag ook tot 31 Julie gedra word. Neem asseblief kennis dat die nuwe winterskoolsweetpakk tans by die uniformwinkel beskikbaar is.

Let asseblief op die volgende reëls rakende die dra van sweetpakke:
Slegs die volledige sweetpak word toegelaat. Die sweetpaktop mag nie buite 'n akademiese klas uitgetrek word nie.
'n LO- of huishemp moet onder die sweetpak gedra word.
Hardloopskoene – GEEN Tommy-tekkies, pumps, Crocs of skoolskoene mag saam met die sweetpakke gedra word nie.
Wit sportsokkies word saam met die hardloopskoene gedra – geen 'funky-socks' of gekleurde kouse nie.
Ander voorkomsreëls (reëls vir hare, grimering en juweliersware) is steeds van toepassing.

Die reëls rakende leerdervoorkoms is op die skool se webblad beskikbaar.